

27 Oktober 2019

# Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

## Lukas 18:9-14

wat wil jy vandag **bereik**?

Ons is almal afhanklik van God. Ons vergelyk onself nie met ander om beter te voel nie. God se genade is genoeg.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Watter slegte goed vang ander mense soms aan wat jy nooit sal doen nie?

Hoe voel dit vir jou as jy hard werk om vir God te lewe, maar ander mense gee blykbaar nie om nie?

Wat weet ons van Hervormingsondag? (Dis die dag waarop die Hervorming begin het. Een van die groot goed wat uitgekóm het, is dat ons deur genade alleen gered word.)

### **GOD** se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Lukas 18:9-14** saam as 'n groep. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts  
praktiese wysheid...



**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

#### 1. Ons eie storie

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

#### 2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.

#### 3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

### Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Maak kaartjies oor die "5 solas": Slegs die Woord, slegs Jesus, slegs deur geloof, Slegs deur genade en slegs tot eer van God. Kies een van die vyf, en maak vir iemand 'n kaartjie van bemoediging daarvan.



## gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Bekkie jou om die gedeelte beter te verstaan?

Hoekom het die Fariseër gedink hy is beter as die tollenaar?

Hoekom het die tollenaar se gebed so geklink soos dit klink?

As jy in hierdie storie dink "ek is soos die tollenaar, en daarom beter as die Fariseër", is jy eintlik net soos die Fariseër. Stem julle saam?

## ons nuwe storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Vandag is Hervormingsondag. Hoekom pas dit dat ons hierdie teks vandag lees?

Hoe help die storie jou om afhanklik te bly van God se genade?

Hoe kan ons seker maak dat ons nie onself beter probeer sien as ander mense nie? Dat ons afhanklik bly van genade alleen?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Dank God vir Hervormingsondag. Dit het 5 goed vir ons verhelder:

Jesus alleen.  
Genade alleen.  
Die Skrif alleen.  
Geloof alleen.  
Alleen tot die eer van God.

Bid vir jouself en ander gelowiges om in afhanklikheid van God te leef.

